# HOOFSTUK I

## 1. DIE ONTSTAAN EN DISTRIKSONTWIKKELING VAN KRUGERSDORP

Krugersdorp, die "hoofstad" van die Wesrand, is geleë aan die noordelike hange van die Witwatersrand, 32 kilometer wes van Johannesburg en ongeveer 72 kilometer suidwes van Pretoria. Vandag is die dorp die middelpunt van 'n belangrike groep myne, verskillende industrieë en belowende landboubronne.

### 1.1 Voorgeskiedenis

#### 1.1.1 Vroeë bewoning

Dit kan nie met sekerheid bepaal word, presies wanneer die eerste Blankes hulle in die gebied wat later die distrik Krugersdorp geword het, gevestig het nie, maar sommige van die Voortrekkerleier, Andries Hendrik Potgieter se mense het teen 1839 teen die hange van die Magaliesberge gaan woon.[1] Teen 1850 was sekere plase, soos Hekpoort na die noordweste van Krugersdorp, alreeds bewoon.[2] Van die eerste bewoners was Gert Kruger en Ferdinand Pietersen.[3] Kort daarna is die plaas Wilgespruit teen die noordelike hange van die Witwatersrand in besit geneem. Omdat die gebied noord van die Witwatersrand warmer en meer bosryk is as die suidekant, is die gebied noord van Krugersdorp eerste bewoon. Paardekraal, waarop Krugersdorp later uitgemeet is en wat bo-op die Witwatersrand self geleë is, het omstreeks 1850 aan Andries Pretorius, die Voortrekkerleier, behoort.[4]

Op die plaas het hy 'n aansienlike perdeboerdery gehad onder toesig van sy broerskind, M.P.W. (Vaal Marthiens) Pretorius.[5]

---

1) A.H. Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek 1836-1900, p. 28.

2) G.S. Preller: Andries Pretorius - 'n Lewensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-Generaal, p.144.

3) Ibid., p. 377.

4) Aktekantoor Pretoria: Akte van transport nr. Tr.A4, 6/3/55.

5) G.S. Preller: a.w., p. 377.

Dit was een van die eerste plase wat in die tyd in besit geneem is. Op dié plaas het later die geskiedkundige Paardekraalgelofte plaasgevind.

1.1.2 Die Eerste Vryheidsoorlog: Klipstapeling op Paardekraal

Niks het voor 1880 die aandag in die besonder op die Paardekraalomgewing gevestig nie, maar sir Theophilus Shepstone se anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek,[6)] het Paardekraal in die brandpunt gebring. Aanvanklik is daar nie sterk teen die anneksasie opgetree nie, maar geleidelik het daar verset teen die Britse bewind opgelaai.[7)] In dié verband het Paul Kruger, die voormalige kommandant-generaal en vise-president, 'n belangrike rol gespeel. Hy het saam met andere die leiding geneem om die Britse bewindhebbers te probeer oorreed om die anneksasie ongedaan te maak. Herhaalde proteste en tevergeefse onderhandelinge met die Britse bewindhebbers het egter niks opgelewer nie, sodat daar al meer 'n gees van opstandigheid teen die nuwe bewindhebbers ontstaan het. Intussen het daar 'n reeks volksvergaderings plaasgevind soos die Desembervergadering van 1879 op Wonderfontein waar die burgers, onder andere, verklaar het dat hulle bereid was om saam te staan, trou te wees aan land en volk en om die onafhanklikheid te herstel.[8)] Op 15 Desember is formeel besluit dat die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek weer herstel moes word en dat die Volksraad so spoedig moontlik byeengeroep moes word.[9)]

'n Verdere byeenkoms is vir 6 April 1880 by Paardekraal belê by welke geleentheid die Republiek herstel sou word.[10)] In Transvaal is allerweë

---

6) Sien hieroor onder meer W.J. Leyds: De Eerste Annexatie van de Transvaal, pp. 265-269; S.F.N. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika 1795-1918 II, p. 489; F.A. van Jaarsveld: Die ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, p. 115; S.P. Engelbrecht: Federasie en anneksasie, 1872-1881 (A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (Verwerk en bygewerk deur D.W. Krüger): Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 297).

7) W.J. Leyds: a.w., pp. 273-321.

8) Ibid., pp. 293-294.

9) J.S. du Plessis: Die Suid-Afrikaanse Republiek (C.F.J. Muller (red.): Vyfhonderdjaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 238); W.J. Leyds: a.w., p. 317.

10) M. Heyns: Om die Vryheid van Transvaal 1877-1881 (Ongepubliseerde D. Litt., U.P., 1941), p. 233.

besef dat die tyd vir daadwerklike optrede aangebreek het en wapens en ammunisie is aangekoop. Daar is andermaal 'n vergadering van die volk belê, die keer by Paardekraal vir 8 Januarie 1881[11].

'n Reeks gebeurtenisse het intussen plaasgevind wat 'n verdere vervroeging van die volksvergadering tot 8 Desember 1880 meegebring het.[12] 'n Aantal Transvaalse burgers het geweier om belastings aan die Britse bewind te betaal, maar slegs aan die "wettige" bewind. Die gemoedere het 'n hoogtepunt met die Bezuidenhoutwa-episode in Potchefstroom, wat 'n daad van openlike verset was, bereik. Dit was duidelik dat die gemoedere nie meer gekalmeer kon word nie en het aanleiding gegee tot die besluit om die Paardekraalbyeenkoms met 'n verdere maand te vervroeg.

Nieteenstaande die verbod van Owen Lanyon, Admininistrateur van Transvaal, op die die byeenkoms, was daar op 8 Desember 1880 sowat 4.000 tot 5.000 gewapende burgers by Paardekraal byeen.[13] Die aantal burgers het steeds toegeneem en op 10 Desember het die Volkskomitee[14] besluit om uitvoering te gee aan die Wonderfonteinbesluit van die vorige jaar oor die herstel van die regering.[15] Die ou Volksraad wat in April 1877 verdaag is, het op 13 Desember 1880 weer vergader en die bestuur

---

11) J.S. du Plessis: Die Suid-Afrikaanse Republiek (C.F.J. Muller (red.): Vyfhonderdjaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 240).

12) H.C. Bredell en P.G.W. Grobler: Gedenkskrifte van Paul Kruger, pp. 79-80.

13) J.S. du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die Staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek 1858-1902 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1953 I, p. 242).

14) M.W. Pretorius was die voorsitter van die Komitee wat uit 32 lede bestaan het. Die Komitee is by 'n vergadering in Pretoria saamgestel om Lord Carnarvon oor die gevoel van die burgers teen anneksasie in te lig (J.F. van Oordt: Paul Kruger en die opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 304 ; W.J. Leyds: a.w., pp. 281-293).

15) J.S. du Plessis: Die Suid-Afrikaanse Republiek, (C.F.J. Muller (red.): Vyfhonderdjaar Suid-Afrikaanse, p. 240).

van die land opgedra aan 'n driemanskap bestaande uit vise-president S.J.P. Kruger, kommandant-generaal P.J. Joubert en oud-president M.W. Pretorius.[16] Die Zuid-Afrikaansche Republiek was herstel en Heidelberg is as voorlopige regeringsetel aangewys vanweë die afwesigheid van Engelse garnisoene en ook omdat die dorp maklik beset kon word.[17]

Die Driemanskap het dadelik 'n proklamasie uitgevaardig waarin die herstel van die Republikeinse Regering op 13 Desember 1880 afgekondig is en die stappe wat daartoe gelei het, verduidelik is.[18]

Die burgers wat op Paardekraal byeen was, het besluit om tot die dood toe saam te staan vir die herstel van hulle vryheid. Op voorstel van Paul Kruger het elke burger 'n klip op 'n stapel geplaas[19] en oor dié stapel sou die monument later verrys. 'n Gelofte is afgelê dat "indien de Lieve Heer ons helpen en zegenen wilde en wij ons land terug zouden krijgen dat dan het volk elke jaar daar zouden komen feestvieren, juist bij dezelfde steenhoop en den Heer onze geloften komen betalen. En deze steenhoop is de eeuwige getuige daarvan".[20]

Die vryheidstryd het hierna in alle erns begin. Op 16 Desember 1880 is die Vierkleur op Heidelberg gehys en op dieselfde dag het die eerste skote op Potchefstroom geklap. Hierdeur is die vryheidstryd ingelui. Omdat, in die oorwinning wat deur die stryd behaal is, die hand van God gesien is, sou 16 Desember vir die Transvalers voortaan opnuut 'n gewyde dag wees, nie net vanweë die gelofte te Bloedrivier nie, maar ook omdat die eerste skote van die vryheidstryd op dié dag geklap het.

---

16) W.J. Leyds: a.w., p. 320; C.N.J. du Plessis: Uit de Geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikaanders, p. 30; H.C. Bredell en P.G.W. Grobler: a.w., p. 80.

17) H.C. Bredell en P.G.W. Grobler: a.w., p. 80.

18) W.J. Leyds: a.w., pp. 321-325.

19) C. van Riet Lowe: Gedenkwaardighede van Suid-Afrika, p. 135.

20) C.N.J. du Plessis: a.w., p. 30. (Hierdie gelofte toon opvallende ooreenkomste met die Danskraalgelofte deurdat die volk in die krisisuur ook op God gesteun het vir hulp om uitkoms te gee. Deur die gelofte is die nageslag net soos by Danskraal verbind om die gelofte gestand na te kom).

### 1.1.3 Feesvieringe op Paardekraal

Na die Eerste Vryheidsoorlog is, ooreenkomstig die gelofte, besluit om jaarliks 'n godsdienstige volksfees op Paardekraal te hou. Op 11 Oktober 1881 het die Volksraad aangekondig dat, as gevolg van die oorwinnings, 16 Desember amptelik gevier sou word as 'n dag van verootmoediging.[21)] 'n Algemene volksbyeenkoms is gevolglik bepaal om op die 13de Desember op Paardekraal 'n aanvang te neem en dan op 16 Desember 'n hoogtepunt te bereik.[22)] By dié geleentheid het president Kruger as hoofspreker opgetree[23)] en daar het 'n verdere opeenhoping van klippe op die steenhoop van 1880 plaasgevind.[24)]

Kort hierna het die regering besluit dat die jaarlikse feesviering voortaan vervang sou word deur 'n amptelike feesviering elke vyf jaar.[25)] Die eerste vyfjarige feesviering het plaasgevind in 1886. In 1890 is daar tenders gevra vir die oprigting van 'n monument oor die klipstapel;[26)] in 1891 is daardie monument tydens die tienjarige huldigingsfees deur president Kruger onthul.[27)] So het die Paardekraalgebeure en die monument 'n onafskeidbare deel geword van die geskiedenis van Krugersdorp. Die klipstapel en die periodieke feesvierings was reeds 'n gevestigde instelling toe daar besluit is om 'n dorp daar naby aan te lê. Die bestaan van 'n belangrike volksmonument enersyds en die aanlê van 'n woelige myndorp met sy uitlanderbevolking andersyds, moes noodwendig wedersydse invloed en wrywing uitgeoefen het.

---

21) Staatscourant, 24/10/81; W.J. Leyds: a.w., pp. 401-402.

22) C.N.J. du Plessis: a.w., pp. 89-90.

23) J.S. du Plessis: President Kruger aan die woord, p. 86.

24) C.N.J. du Plessis: a.w., pp. 89-90.

25) E.V.R., art. 900, 901, 24/7/83.

26) Staatscourant, 1/1/90.

27) B. Burger: Die Geskiedenis van Krugersdorp 1887-1951, p.1.

## 1.2 Die Ontdekking van Goud, die Delwers- en Mynbedrywighede

### 1.2.1 Ontdekking van goud aan die Wesrand

Krugersdorp het sy ontstaan en groei te danke gehad aan die ontdekking en ontginning van goud op die Wesrand.[28)] Reeds sedert 1834 toe Carel Kruger goudneerslae op die Witwatersrand ontdek het, is daar na goud oral op die Rand gesoek.[29)] In Desember 1853 het P.J. Marais, 'n wêreld-swerwer en goudsoeker, sy dienste en ervaring tot beskikking van die Zuid-Afrikaansche Republiek gestel om vir goud te prospekteer. Vroeg in 1854 het hy 'n bietjie goud in die gebied van die Jukskeirivier ten noorde van Krugersdorp, gevind.[30)] Om dié rede word soms beweer dat juis hy die eer moes kry dat hy die eerste goud op die Rand gedelf het.[31)] Dit is ook bekend dat 'n sekere Henry Lewis, 'n Australiese delwer, op sy pad vanaf die Kimberleyse diamantvelde na die Lydenburgse goudvelde aan die einde van 1874, in die omgewing van Blaauwbank na goud begin soek het.[32)] Sy ontdekking was belowend genoeg om die ontstaan van 'n maatskappy "die Nil Desperandum Co-operative Quartz Company" te reg-verdig om goud op Blaauwbank te ontgin.[33)] Vir 'n paar jaar lank is op Blaauwbank goud gedelf, maar die hoë verwagting is verydel deurdat die gouderts nie winsgewend was nie.

'n Ander prospekteerder John Henry Davis het in 1852 deur Transvaal ge-reis. Hy het op die Witwatersrand rondgeswerf en vir 'n tydlank op die

---

28) T. Williams: Krugersdorp (A. MacMillan (ed.): Environs of the Golden City and Pretoria, p. 244).

29) B. Burger: a.w., p. 4.

30) G.S. Preller: Ons Goudroman - die Maraisdagboek, pp. 34-35; D.J. Pieterse: Die Geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal 1836-1886 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1943 jaargang 6, p. 187).

31) D.J. Pieterse: a.w., p. 187.

32) G.S. Preller: Ons Goudroman, p. 93; D.J. Pieterse: a.w., p. 187.

33) J. Gray: Payable Gold, pp. 30-32.

geskiedkundige plaas, Paardekraal, van M.P.W. Pretorius vertoef. Davis het hier alluviale goud in redelike hoeveelhede ontdek.[34] Die aanwesigheid van goudhoudende erts op Paardekraal is later deur M.P.W Pretorius bevestig toe hy self goudhoudende erts op sy plaas ontdek het.[35] Davis het met sy goudmonsters na Potchefstroom vertrek om sy vonds aan Andries Pretorius te toon. Hy is glo beveel om die land te verlaat omdat die regering die aanwesigheid van goud geheim wou hou.[36]

Die aanwesigheid van goud op die Witwatersrand kon in die tagtigerjare nie langer verberg word nie. So het die ontdekking van goudhoudende erts op Blaauwbank groot belangstelling gewek en daar is naarstiglik op naburige plase geprospekteer, maar sonder sukses totdat Kromdraai in 1882 in die kalklig gekom het.[37] Die plaas is sowat 15 kilometer noord van Krugersdorp, en hier het S.J. Minnaar 'n stuk alluviale goud op Kromdraai gevind op 'n gedeelte wat aan J.H. Grobler behoort het.[38] Ander prospekteerders soos J. Lisemore en J.G. Bantjes het daar geprospekteer en die vondse was so belowend dat die regering 'n gedeelte in Desember 1885 as openbare delwery geproklameer het - die eerste in die Witwatersrand gebied.[39] Die rif op die plaas was egter nie deel van die hoofrif nie en het gou geblyk nie lonend te wees nie. Nogtans is 'n maatskappy "Krom-

---

34) E. & J. Gray: A History of the discovery of the Witwatersrand Goldfield, p. 2.

35) R5860/86: M.P.W. Pretorius - Staatsekretaris, 19/11/86.

36) E. & J. Gray: A History of the discovery of the Witwatersrand Goldfields, p. 2. Hierdie houding is later ook deur president Kruger ingeneem wat die ontdekking van goud as 'n gevaar vir die onafhanklikheid van die Z.A.R. beskou het. Later toe die aanwesigheid van goud nie langer geheim gehou kon word nie, is pogings aangewend om 'n groot toestroming van goudsoekers te verhinder deur die toekomstige goudproduksie op 'n monopolistiese grondslag te reguleer (D.W. Krüger: Paul Kruger II, p. 82). Die konsessiebeleid is egter laat vaar en die weg is gebaan vir grootskaalse goudontginning. (D.J. Pieterse: a.w., pp. 178-185).

37) D.J. Pieterse: a.w., p. 188.

38) Ibid.

39) J. Gray: a.w., p. 65; D.J. Pieterse: a.w., p. 189.

draai Gold Mining Co.," gevorm om die rif te ontgin.[40]

Die jaar 1885 was 'n besondere vrugbare jaar gewees vir die ontdekking van goud ten noorde van die plase waarop later die Witwatersrandse hoofrif blootgelê is. Berigte van goudhoudende erts op Sterkfontein, noord van Krugersdorp, asook op Wilgespruit, noord van die huidige Roodepoort, is in 1855 bekendgemaak.[41] Wilgespruit was die eiendom van Fred en Harry Struben en in dieselfde jaar het hulle 'n uitstalling van besonder ryk goudkwarts in Pretoria gehou. Die kwarts was afkomstig van Wilgespruit en is gehaal uit die bekende "Confidence Reef" wat hulle ontdek het.[42] By die uitstalling was teenwoordig verskeie Volksraadslede en die President. Struben was vol geesdrif oor sy ontdekking sodat hy dit as sy oortuiging uitgespreek het dat die Transvaal die rykste deel van Suid-Afrika sou blyk te wees en dat die Witwatersrand die kroon op alles sou wees.[43] Aan die einde van 1885 het Fred en Henry Struben 'n vyfstampbattery op Wilgespruit opgerig nadat hulle 'n konsessie van die owerheid verkry het om goud op die plaas te ontgin.[44] Die jaar 1885 was dus 'n jaar van intense bedrywigheid op die Witwatersrand, maar die ontdekkings op Kromdraai en Wilgespruit was slegs die voorloper van die werklike skatkamer, die Witwatersrandse hoofrif.

Fred Struben het as onvermoeide werker die banketlae steeds nagespoor. Sy arbeid is bekroon met die ontdekking van die banketrif op Paardekraal.[45]

---

40) C.B. Jeppe: Goldmining on the Witwatersrand 1, p. 16.

41) D.J. Pieterse: a.w., p. 188.

42) Ibid., p. 189; J.P.L. Erasmus: Die Rand en sy goud, p. 12.

43) D.J. Pieterse: a.w., p. 189.

44) Ibid.

45) J.P.L. Erasmus: a.w., p. 13; J. Collier: The Purple and the Gold - the story of Pretoria and Johannesburg, p. 83.

Hiervandaan het hy ander riwwe gevolg, dog die resultaat was nie bemoedigend nie. Sy bedrywighede het hy voortgesit oor 'n wye gebied wat gestrek het vanaf Paardekraal tot by Roodepoort, waardeur hy die moontlikhede van die banketlae aan die Witwatersrand behoorlik vasgestel het. 'n Belangrike ontdekking op die plaas Honingklip, noord van die huidige Krugersdorp het baie belowend geblyk.[46)] Dit was 'n bemoedigende teken, want die ontdekking was die eerste belangrike ontleding wat op die banket gedoen is. Die bedrywighede van Fred Struben het die bestaan van gouddraende erts in die omgewing van die latere Krugersdorp bevestig nog voor die ontdekking van die Witwatersrandse hoofrif. Trouens hy was so in sy skik met sy ontdekkings op Honingklip en Wilgespruit dat hy voorspel het dat dit geleenthede vir duisende mynwerkers kon bied om daar 'n heenkome te vind.[47)] 'n Kaart deur hom opgestel op 8 April 1855 het sy uitlating bevestig. Hiervolgens is die bestaan van gouddraende banketlae aangedui op die plase Sterkfontein, Paardekraal en Roodepoort,[48)] almal plase in die omgewing van die huidige Krugersdorp. Hierdie ontdekkings van Fred Struben sou as spoorslag dien tot die ontdekking van die Witwatersrandse hoofrif,[49)] maar deur die arbeid van die Strubens is daar wel deeglik bewys dat die Witwatersrand 'n lonende goudveld is.

Dit is onseker of Walker, Harrison, die broers Struben of Bantjes die hoofrif ontdek het,[50)] alhoewel die populêre beskouing is dat Walker en

---

46) G.S. Preller: Ons Goudroman, p. 139.

47) C.B. Jeppe: a.w., p. 16.

48) D.J. Pieterse: a.w., p. 192.

49) Ibid., pp. 190 e.v.

50) Oor die ontdekking van die hoofrif sien onder meer G.S. Preller: Ons Goudroman, hoofstuk xv-xx; D.J. Pieterse: a.w.. hoofstuk ix; L.E. Neame: City built on gold, p. 2 e.v.; D. Jacobsson: Fifty Golden Years of the Rand 1886-1936, p. 41 e.v.; J.P.L. Erasmus: a.w., p. 13 e.v.; G.A. Leyds: A History of Johannesburg - the early years, pp. 12-13; E. & J. Gray: A History of the discovery of the Witwatersrand Gold Fields, p. 92 e.v.

Harrison as die gesamentlike ontdekkers van die Witwatersrandse hoofrif op 'n gedeelte van die plaas, Langlaagte, in Junie 1886, beskou moet word.[51] Die ontdekking van die hoofrif en die blootlegging van gouddraende riwwe vanaf Luipaardsvlei (Krugersdorp) tot by Driefontein (Boksburg), het 'n toestroming van mense, hoofsaaklik uitlanders, meegebring en ook gelei tot die ontstaan van 'n reeks myndorpe op die Witwatersrand.[52] Een van die dorpe was Krugersdorp en deur goud sou dit ontwikkel tot 'n florerende moderne dorp.

1.2.2 <u>Proklamering van openbare delwerye op die Witwatersrand</u>

Uit die verslae wat die regering aangaande die hoofrif bereik het, was dit duidelik dat 'n belangrike nuwe goudveld ontdek is waaraan die owerheid sy volle aandag sou moes skenk.[53] Die regering het daarna vir Johann Rissik, die eerste klerk in die kantoor van die landmeter-generaal en volksraadslid, Christiaan Johannes Joubert, op 4 Augustus 1886 afgevaardig om die toestand van sake op die Witwatersrand in oënskou te neem.[54] Op grond van hulle verslag, het die regering op 20 September 1886 'n aantal plase op die Witwatersrand tot openbare delwery verklaar.[55] Hierdie plase was die eerste wat op die Witwatersrand vir die ontginning van die goudriwwe oopgestel was. Die regering was nie altyd geneë om plase tot delwerye te proklameer nie, want die goudvelde met sy aantrekkingskrag vir vreemdelinge, het vir die Republiek niks goeds voorspel nie en die onafhanklikheid van die Staat het skielik voor 'n nuwe bedreiging te staan gekom.

---

51) Sien hieroor onder meer D.J. Pieterse: a.w.; J.P.L. Erasmus: a.w., p. 17; D. Jacobsson: a.w., p. 41 e.v.

52) J.S. du Plessis: Die Suid-Afrikaanse Republiek (C.F.J. Muller (red.): Vyfhonderdjaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 257).

53) D.J. Pieterse: a.w., pp. 200-201.

54) B.B. 713/85: Staatsekretaris - Joubert en Rissik, 3/8/86.

55) Op 20 September 1886 is die eerste plase, Driefontein, Elandsfontein tot openbare goudvelde geproklameer, op 27 September het 'n gedeelte van Doornfontein en Turffontein gevolg, op 4 Oktober Randjeslaagte en Langlaagte en 11 Oktober Paardekraal, Vogelstruisfontein en Roodepoort (U.R., art. 213, 3/4/86; J.P.L. Erasmus: a.w., p. 19).

Ter beskerming van die duurverkreë onafhanklikheid, was 'n beleid gevolg om nie politieke regte aan vreemdelinge toe te staan nie.[56)]

Die aanwesigheid van die goudriwwe kon nie langer verberg word nie en nadat die regering in 1886 'n aantal plase tot delwerye oopgestel het, is daar steeds druk op die regering uitgeoefen om ander plase waar goud ontdek is, tot delwerye te verklaar.[57)] In die verband het M.P.W. Pretorius 'n sodanige versoek gerig om Paardekraal vir delwerye oop te stel.[58)] Sy versoek is die volgende jaar ondersteun deur J.A.N. van Wyk wat 'n petisie voorgelê het waarin versoek is om die plase Witpoortjie, Luipaardsvlei, Groot Paardekraal, Klipspruit en Klein Vogelstruisfontein tot openbare delwery te proklameer.[59)] Hierdie plase was almal geleë in die nabyheid van Krugersdorp.

### 1.2.3 Proklamering van Paardekraal (Krugersdorp) as delwery

Op 27 April 1887 het die Staatsekretaris kennis gegee dat aangesien "daar betaalbare goudriffen zouden zyn ontdekt op Paardekraal distrik Pretoria, wyk Witwatersrand en aanzoek is gedoen om die plaats te verklaren tot een publieke delvery, zoo is het dat Z.H. Ed. de Staatspresident, mitz deze bekend maakt aan alle wettige belanghebbendes bij bovengenoemde plaats, dat de Regering dien grond geheel of gedeeltelijk wenscht open te zetten voor publieke delverijen."[60)] Op 1 September 1887 is Paardekraal, met uitsondering van die 492 hektaar wat reeds regeringseiendom was en die opstal van die plaaseienaar, tot openbare delwery geproklameer.[61)] Die plaas is verder onder die jurisdiksie van die mynkommisaris van die Witwatersrandse

---

56) G.D. Scholtz: Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902 I, pp. 271-272.

57) R5860/86: M.P.W. Pretorius - Staatsekretaris, 19/11/86; E & J. Gray: A History of the discovery of the Witwatersrand Gold Fields, p. 80.

58) R5860/86: M.P.W. Pretorius - Staatsekretaris, 19/11/86.

59) E & J. Gray: A History of the discovery of the Witwatersrand Gold Fields, p. 80.

60) Staatscourant, 27/4/87.

61) Ibid., 24/8/87.

goudvelde geplaas. Op 11 Julie 1887 en in September van dieselfde jaar, is die aangrensende plase Witpoortjie en Luipaardsvlei onderskeidelik tot openbare delwerye verklaar.[62)]

## 1.2.4 Ontstaan van die Krugersdorpse delwerye

Die proklamering van ander delwerye in die omgewing van Krugersdorp, het vinnig gevolg. Hulle was aanvanklik ingedeel onder die Witwatersrandse goudvelde, maar vanaf 1888 daarvan geskei en onder die jurisdiksie van die mynkommisaris van Krugersdorp geplaas. Nuwe goudvelde het so tot stand gekom, bekend as die Krugersdorpse delwerye.[63)]

Vir die administrasie van die Krugersdorpse goudvelde, is 'n aparte mynkommisaris, bygestaan deur een of meer klerke aangestel.[64)] Die mynkommisaris het oor die delwerye toesig gehou en het die mag besit om alle sake betreffende die delwerye te reël en te bestuur ooreenkomstig die Goudwet.[65)] Hy moes hom beywer vir die welvaart en bloei van die delwerye en was verantwoordelik vir die uitreiking van en beheer oor die nodige lisensies wat betaalbaar was aan die regering. Hy was dus uitvoerende amptenaar op die delwerye terwyl alle plase wat met verloop van tyd geproklameer is, onder sy beheer geplaas is.[66)] Die gesagsgebied van die mynkommisaris, was dus nie beperk tot 'n spesifieke distrik nie, maar het gestrek oor al die delwerye wat in verskillende distrikte geleë was en wat onder sy jurisdiksie geplaas is. Die eerste agerende mynkommisaris was R.G. Ockerse wat in 1888 met die totstandkoming voor die Krugersdorpse delwerye deur N.J. Smit opgevolg is.[67)] Ockerse was dus die eerste regeringsamptenaar op Krugersdorp en het aan die begin feitlik al die rege-

---

62) U.R., art. 327, 25/8/87.

63) Staatscourant, 10/10/88; U.R., art. 216, 23/4/89.

64) Staatscourant, 24/8/87, 31/8/87. Op die delwerye aan die Wesrand was sowat 50 myne.

65) Wet Nr. 8 1889 op die delven van handeldrijven in edele metalen en edelgesteentes in die Z.A.R. (De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1888-1889, pp. 105-111).

66) Ibid., art. 28b.

67) Staatscourant, 12/12/88.

ringsfunksies behartig.[68]

Vir elke geproklameerde goudveld is daar ook 'n spesiale regterlike amptenaar aangestel met die titel van Spesiale Landdros met kriminele en siviele jurisdiksie.[69] Sodanige spesiale landdros, anders as die gewone landdroste, het alleen regterlike gesag besit oor 'n gebied wat as delwerye geproklameer is[70] en sy gesag het net soos dié van die mynkommissaris nie buite sodanige geproklameerde delwerye gestrek nie. J.C. Human is in 1888 as Spesiale Landdros van die Krugersdorpse goudvelde aangestel.[71]

Die instroming van delwers asook die mynbedrywighede wat snel toegeneem het, het daartoe gelei dat die Krugersdorpse delwerye vir administratiewe doeleindes in 1893 in vier afdelings verdeel is.[72] Kantore is toe ook op Florida, Doornkop en Blaauwbank gevestig wat elk onder beheer van 'n verantwoordelike klerk en die nodige ander klerke was, terwyl die kantoor van die mynkommissaris op Krugersdorp gebly het. Elke kantoor het 'n aantal omliggende, geproklameerde plase vir die nodige administratiewe beheer bedien. Die uitbreiding van die Krugersdorpse goudvelde, het meegebring dat 'n myninspekteur aangestel moes word om beheer oor die veiligheidsmaatreëls wat op die myne van toepassing was, uit te oefen.[73] Sodoende was daar vyf inspeksievelde op die Witwatersrand en die myninspekteur op Krugersdorp het deur periodieke inspeksie van myne streng gelet op die handhawing van ongelukvoorkomende maatreëls.

1.2.5 Mynwese

Na die goudontdekkings is die hoofrif stelselmatig vanaf Boksburg in die ooste tot Krugersdorp in die weste blootgelê.[74] Spoedig is tot die besef gekom

---

68) J.C. Fourie: Die stigters van Krugersdorp (The Standard and West Rand Review, 17/9/1937).

69) Wet Nr. 8 1889 (De Locale Wetten 1888-1889, p. 105).

70) Ibid.

71) Staatscourant, 28/11/88; R9097/88, p. 106.

72) T.V.R., art. 537, 18/6/95. Verslag Hoof van Mynwese vir tydperk 1/5/94-31/12/94.

73) Ibid. Vir die pligte van die myninspekteur sien onder andere U.R., art. 407, 8/8/93; Wet Nr. 3/1893 (De Locale Wetten 1890-1893, pp. 743-768).

74) O. Letcher: The Gold Mines of Southern Africa, p. 86.

dat die hoofrif nie vlak is nie, maar in diepte gestrek het met ontginbare waardes wat nie oral dieselfde was nie.[75] Die gouderts kon nie deur individuele delwers ontgin word nie omdat groot kapitale uitgawes nodig was voordat op gereelde winste gereken kon word.[76] Kosbare masjinerie moes ingevoer word en aansienlike arbeidspersoneel moes aangehou word. Dit lê voor die hand dat kleims geamalgameer moes word en dat maatskappye met die nodige kapitaal gevorm is om die rif te ontgin.[77] Aan die begin was die mynbou primitief en elke myn het 'n aanvanklike, onafhanklike bestaan gevoer met 'n bestuurder-ingenieur wat die myn ontwikkel het, soos hy goed gedink het.[78] Sodoende is eers die riwwe wat vlak was, bewerk totdat op dieper riwwe afgekom is, wat tot dieper en meer intensiewe mynbou gelei het. Dit het op sy beurt weer daartoe aanleiding gegee dat verskillende maatskappye onder kapitaliste soos Cecil Rhodes en Barney Barnato geamalgameer is.[79] Hiermee het die industriële kapitalisme 'n houvas op die mynwese van die Witwatersrand gekry.

Vanaf Johannesburg tot Krugersdorp het 'n aantal myne ontstaan wat hulle bedrywighede op verskillende riwwe gehad het.[80] Die myne in die omgewing van Krugersdorp het 'n bestaan gevoer deur hoofsaaklik die riwwe, bekend as die "Botha en Battery Line", te ontgin.[81]

Op die Witwatersrand was die "Witwatersrand Gold Mining Co.," die eerste mynmaatskappy wat in September 1886 ontstaan het.[82] Namate die standhoudendheid van die rif geblyk het, is meer maatskappye opgerig. Aan die

---

75) C.B. Jeppe: a.w., p. 22.

76) Ibid.

77) Ibid.

78) L.V. Praagh: The Encyclopedic History of the Transvaal, p. 602.

79) C.B. Jeppe: a.w., p. 22. Op 9 Februarie 1887 het die Goldfields of South Africa onder leiding van Cecil Rhodes tot stand gekom (O. Letcher: a.w., hoofstuk x; D. Jacobsson: a.w., hoofstuk ii; P. Emden: Randlords, p. 98.).

80) C.B. Jeppe: a.w., pp. 16-26.

81) L.V. Praagh: a.w., p. 566.

82) C.B. Jeppe: a.w., p. 22.

einde van 1887 was daar reeds 270[83] terwyl 14 myne in produksie was wat sowat 1.908.002 onse goud gelewer het.[84] Vanaf 1888 het die mynontwikkeling met rasse skrede vooruitgegaan, maar teen die einde van 1889 het daar 'n insinking gekom vanweë die probleem om die goud uit die gemaalde erts te kry.[85] Die wetenskap het 'n uitkoms gebied en deur die MacArthur-Forestproses was dit moontlik om die erts te ontgin.[86] Die goudmynbedryf het 'n nuwe bloeitydperk binnegegaan en tesame met die ontstaan van dieptemyne, is die vertroue in die goudmynbedryf herstel.[87] Teen 1895 was die Witwatersrand die wêreld se vernaamste goudproduserende streek met 'n opbrengs van £8.569.555.[88]

Op die Krugersdorpse delwerye was teen 1894 nie minder nie as 107 mynmaatskappye bedrywig terwyl daar 25 geproklameerde goudhoudende plase onder beheer van die mynkommissaris was.[89] Belangrike myne was onder andere die Champ d'Or, die French Rand, Windsor, Luipaardsvlei, Grys Mynpacht, Lancaster en Violet G.M. Co. Ander bekende myne was die White Rose en die Bothas Reef. Laasgenoemde het later tot 'n groep myne, die Zambesi G.M. Co., behoort wat deur amalgamasie in die West Rand Consolidated opgegaan het.[90] Verder was daar nog groepe soos die Vera G.M. Co., Horsham Monitor, West Rand Gold Mining, Van Wyk G.M. Co., Vulcan, First Netherlands en Queens Battery.

Die meeste myne was dagsoommyne en het die rif net bolangs ontgin.[91] Namate intensiewe mynbou nodig was om die dieper riwwe te ontgin, het

---

83) G.T. Amphlett: History of the Standard Bank of South Africa 1862-1912, p. 109.

84) C.B. Jeppe: a.w., p. 22.

85) D. Jacobsson: a.w., p. 68.

86) O. Letcher: a.w., p. 100.

87) Ibid., p. 114.

88) P. Emden: a.w., p. 354.

89) Staatsalmanak 1894, pp. 123-124.

90) Vergelyk Troyes Map of the Witwatersrand Gold Fields 1892; Bacons New Map of the Witwatersrand Gold Fields in the districts of Pretoria, Heidelberg Tvl., 1896.

91) F.H. Hatch en J.A. Chalmers: The Gold Mines of the Rand, pp. 33-35.

kapitaalkragtige maatskappye al hoe meer navore getree. Soos op die Witwatersrand, het baie myne in die omgewing van Krugersdorp weens 'n gebrek aan kapitaal tot niet gegaan en party is by groter myngroepe ingelyf. Aan die einde van die Republikeinse tydperk was die Yorkmyn, die Lancaster, Lancaster-Wes, Luipaardsvlei Estates, Eton, Windsor, French Rand en Champ d'Or die vernaamste myngroepe op die Krugersdorpse delwerye.[92)]

Na die Republikeinse tyd het die amalgamasie verder plaasgevind en die Luipaardsvlei Gold Mining en West Rand Consolidated het as die vernaamste myngroepe bly voortbestaan.[93)] Die twee myne het deur die jare heen 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van Krugersdorp gelewer.

## 1.3 Die ontstaan en algemene ontwikkeling van Krugersdorp

### 1.3.1 Stigting van Krugersdorp

In omstreeks 1855 het M.P.W. Pretorius die geskiedkundige Paardekraal van Andries Pretorius vir 835 riksdalers gekoop,[94)] en terwille van die periodieke feesvierings het M.P.W. Pretorius besluit om 'n gedeelte van sy plaas sowat 100 meter rondom die klipstapeling aan die regering te skenk.[95)] Deur die skenking het die grond rondom die klipstapeling staatsbesit geword en vir die Afrikaner bewaar gebly. M.P.W. Pretorius se skenking het ook gespruit uit sy vrees dat die delwers aan wie hy die reg verleen het om op die plaas te delf, die gebied rondom die klipstapeling sou opgrawe.[96)] Tesame met die grondskenking het Pretorius watergebruik en weiding vir die

---

92) R. MacNab en J.W. Smith: Guide to Krugersdorp and the West Rand, p. 26; A. MacMillan: Western Gate of the Golden Rand (A. MacMillan, (ed.): Environs of the Golden City and Pretoria, pp. 244-245).

93) The Reef, December, 1963. Die oorspronklike Luipaardsvleimaatskappy het in 1888 in Londen ontstaan met 'n kapitaal van 250.000. Die myn is gevorm deur die amalgamasie en deur die mynbelange van ander groepe soos Eton, Windsor, York, Lancaster, Tudor, Cairn Dhu en French Rand oor te neem. Die myn het vanaf 1888 onverpoosd geproduseer met 'n onderbreking gedurende die Tweede Vryheidsoorlog en daarna tot in 1970 toe dit gesluit is (The Reef. December 1963 (Luipaardsvlei .....); Die Vaderland, 1/4/1970 (Bylaag oor Luipaardsvlei).

94) Aktekantoor Pretoria: Akte van transport nr. Tr. A4, 6/3/1855.

95) R5860/86: M.P.W. Pretorius - Staatsekretaris, 19/11/86.

96) Ibid.

feesgangers aangebied.[97] Die regering was baie ingenome met die grondskenking, want vanweë die toenemende delwersbedrywighede was dit nodig om die feesvieringe te beskerm sodat die "gewyde grond" nie miskien in vreemde hande sou val nie.[98]

Die regering het die grondskenking met dank aanvaar en daar is by die feesvieringe van 1886 ooreengekom oor die omheining van die terrein rondom die klipstapeling.[99] Die grondskenking was een van die eerste onderhandelinge rakende Paardekraal tussen Pretorius en die regering. By twee geleenthede later was daar onderhandelinge om verdere grondaankope op Paardekraal te doen.[100]

Die mynbedrywighede het die behoefte aan die stigting van 'n dorp sterk na vore gebring. Fortuinsoekers se tente was oral langs die Witwatersrand te sien en die delwers en mynbedrywighede het 'n sentrum vanwaar regeringsbeheer oor al die bedrywighede uitgeoefen kon word, noodsaaklik gemaak. Enersyds het president Kruger 'n diepe sentiment vir Paardekraal gekoester en na die volksfees van 1886 het die regering met M.P.W. Pretorius onderhandel om op 'n gedeelte van sy plaas 'n dorp vir die nuwe goudvelde uit te lê.[101] Op 23 April 1887 het M.P.W. Pretorius met president Kruger mondeling ooreengekom om 'n gedeelte van sy plaas aan die regering te verkoop.[102] Pretorius se vriendskap met die President en sy bewondering vir hom, was blykbaar 'n belangrike rede vir sy bereidwilligheid om te verkoop en dat hy juis die voorwaarde gestel het dat die nuwe dorp na die President vernoem moes word. Daar is verder ooreengekom dat die dorp uitgelê sou word in die leegte oorkant die spruit, sowat drie

---

97) Ibid.

98) U.R., art. 292, 19/11/86. Die gedeelte om die monument was sowat 21,1 hektaar groot.

99) U.R., art. 293, 19/11/86.

100) Sien onder meer U.R., art. 149, 26/4/87; U.R., art. 108, 6/3/93.

101) Y.P. Kaplan: Die geskiedkundige oorsprong van 'n aantal Transvaalse plekname (Ongepubliseerde B.A. Honns. - verhandeling U.W., 1944), p. 47.

102) R2614/87: M.P.W. Pretorius - Staatsekretaris, 25/4/87.

kilometer suid van die klipstapel.[103]

Op 26 April 1887 het die regering besluit om die gedeelte sowat 492 hektaar groot en waaroor die onderhandelinge gegaan het, vir £3.000 aan te koop om "aldaar een dorp te stichten onder den naam Krugersdorp zoo als verzocht door den verkoper".[104] Daar is dus meer grond aangekoop as wat benodig was vir die uitleg van 'n dorp, want die gekoopte gedeelte het die 100-meterskenking rondom die klipstapeling ingesluit. Sodoende is grond nie net aangekoop vir die dorpaanleg nie, maar ook terwille van die beskerming van die periodieke feesvierings, asook vir weiding vir die trekvee van die feesgangers. 'n Belangrike bepaling in die verkoopsooreenkoms was juis dat beide partye die reg tot watergebruik uit die dam op die plaas sou hê.[105] Die bepaling in die ooreenkoms was blykbaar daarop gemik dat die regering genoegsame water vir die trekvee van die feesgangers kon voorsien.

Krugersdorp het sy beslag gekry en sou verder ontwikkel tot 'n florerende dorp aan die Wesrand.

### 1.3.2 Opmeting van standplase

Die proklamering van standplase tot delwerye het 'n stroom goudsoekers na Krugersdorp en omgewing gelok en die groot getal fortuinsoekers moes juis in die nuwe dorp gevestig word en daarom moes erwe so gou moontlik beskikbaar gestel word.

---

103) Ibid.

104) U.R., art. 149, 26/4/87; Aktekantoor Pretoria: Akte van Transport Nr. 1681/87, 23/6/87.

105) R2614/87: M.P.W. Pretorius - Staatsekretaris, 25/4/87. Die maatskappy wat op die plaas geprospekteer het, het ook die verkoopsooreenkoms goedgekeur (R2614/87 maak melding van 'n maatskappy terwyl in R5860/86 van delwers gepraat word).

Een van die eerste persone wat naby die monument sy intrek geneem het, was Abner Cohen.[106] Hy het in Mei 1887 'n onderneming geopen met die naam van "Monument Hotel and Store". Hy is deur die eienaar van Paardekraal gewaarsku om die "gewyde terrein" by die monument te verlaat. Cohen het hierna na Pretoria gegaan met die versoek om toegelaat te word om sy onderneming voort te sit. Die Staatsekretatis, Eduard Bok, het die President daartoe oorreed met die besliste verstandhouding egter dat Cohen die terrein om die monument sou moes verlaat en na Krugersdorp moes verhuis sodra standplase aldaar beskikbaar was.[107] Die optrede van die regering om Cohen toe te laat om sy onderneming voort te sit, is hewig gekritiseer deur die redakteur van "The Standard and Diggers News".[108] Tog het die besluit moontlik die opmeting en verkoop van standplase in Krugersdorp verhaas, want Cohen het daarna opdrag ontvang om sy besigheid na die dorp te verskuif.[109]

Hierna is die eerste 576 standplase, wat in ewewydige blokke gegroepeer was, opgemeet.[110] Sommige bronne noem Auret Pritchard as die landmeter,[111] maar daar is ook 'n ander opvatting dat F.H. Rissik die eerste standplase uitgemeet het.[112]

---

106) The Standard and West Rand Review, 17/9/1937.

107) Ibid., Staatsekretaris - A. Cohen, 7/6/87.

108) B. Burger: a.w., p. 8. In die artikel is die regering skerp aangeval omdat toegelaat is dat 'n kantien naby die gewyde plek floreer het.

109) B. Burger: a.w., p. 8; The Standard and West Rand Review 17/9/1937.

110) Staatscourant, 27/4/87. R. MacNab en J.W. Smith: a.w., p. 16. Elke blok het uit 16 standplase bestaan, agt grotere en agt kleinere erwe. Die kleiner erwe lê oos en wes en die grotes noord en suid.

111) B. Burger: a.w., p. 8; Y.P. Kaplan: a.w., p. 67; The Standard and West Rand Review, 17/9/1937. Hierdie populêre opvatting, het waarskynlik sy oorsprong in die mededeling van Abner Cohen dat Pritchard hom gevra het om hom deur die spruit te help aangesien hy (Pritchard) opdrag van die regering ontvang het om 'n dorp te gaan uitlê (The Standard and West Rand Review, 17/9/1937).

112) U.R., art. 122, 14/4/87. Rissik se aanspraak word verder ondersteun deur 'n kaart in besit van die Krugersdorpse munisipaliteit. Daarvolgens het Rissik in Junie 1887 die eerste standplase uitgemeet. Hy het ook al die latere opmetingswerk tot Februarie 1897 gedoen (Krugersdorp Munisipaliteit: Kaart Nr. SG. Nr. 1259/97, Februarie 1897).

### 1.3.3 Veiling van die eerste standplase en die vestiging van die dorp

Op 31 Oktober 1887 het 'n veiling van standplase plaasgevind waar 200 standplase verpag is.[113] Hierdie verpagting of verhuring het 'n 99-jarige besitreg aan 'n koper van 'n standplaas verleen en so 'n standplaas moes teen drie gelyke paaiemente betaal word.[114] Die eerste paaiement moes direk na afloop van die veiling betaal word. Terselfdertyd moes 'n standlisensie uitgeneem word wat maandeliks vooruitbetaalbaar was en wat gewissel het van 15/- vir die grotere tot 10/- vir die kleineres.[115] So 'n standplaas kon dan in besit geneem en bebou word. Hierdie wyse van besit het nie permanente besit beteken nie, maar het neergekom op 'n stelsel van verhuurde eiendomsbesit.[116] Dorpe op die geproklameerde goudvelde en waar standplase op die wyse bekom kon word, was bekend as standplaasdorpe en is as sulks nie as dorpe geproklameer nie. Die veiling van standplase in Oktober 1887 het 'n bedrag van £25.000 opgelewer.[117] In November 1887 het daar weer 'n veiling plaasgevind wat 'n bedrag van £9.000 ingebring het.[118] Tydens laasgenoemde veiling is hoofsaaklik van die kleinere standplase opgeveil.

Na hierdie veilings het die dorp gevestig geraak. Standplase is in besit geneem en huise en geboue is opgerig. Een van die eerste inwoners was Abner Cohen wat 'n hotel en winkel opgerig het.[119] Verder het die dorp teen 1887 slegs uit 'n paar huise en tente in die omgewing van die klipstapeling bestaan.[120] R.G. Ockerse, as die eerste regeringsamptenaar op Krugersdorp, het die eerste regeringskantoor in 'n tent gevestig wat later vervang is deur 'n sinkgebou waarvan die een vertrek gedien het as slaapkamer en die ander een as kantoor.[121] Ockerse het ook 'n blok standplase

---

113) Staatscourant 28/9/87; T.V. Bulpin: Storm over the Transvaal, p. 77.

114) Staatscourant, 28/9/87.

115) J.F. van Oordt: a.w., p. 465; G.A. Leyds: a.w., pp. 14-15.

116) E. Rosenthal: Ensiklopedie van Suidelike Afrika II, p. 482.

117) The Standard and West Rand Review, 30/4/1943.

118) J. Gray: a.w., p. 226.

119) The Standard West Rand Review, 17/9/1937.

120) Ibid.

121) Ibid.

as regeringsblok laat uitbou, waarop in 1888 onder andere die mynkommissariskantoor gebou is.[122] Die kantoor is op 'n gepaste wyse ingewy met 'n godsdiensoefening. Een van die eerste openbare balle te Krugersdorp, is waarskynlik in die kantoor gehou. Die kantoortjie het verder gedien as kerk voordat die eerste kerkgebou opgerig is.[123] Kenmerkend van die dorp in die beginjare, was 'n oop stuk grond in die middel wat as markplein gedien het. Die eerste polisieman, Sersant Fred Tossel het reeds in Oktober 1887 op die dorp aangekom met die opdrag om toesig oor die eerste veiling van standplase te hou.[124]

Die eerste baba wat op Krugersdorp gebore is se ouers was Mnr. en Mev. B. Varley, wat van die eerste inwoners van die dorp was en wat later die eienaars van die toenmalige bekende Varleys Hotel geword het.[125] Ander besighede wat gevestig geraak het, was dié van Seehoff en Hompes aan die westekant van die markplein en die van McCloskie en Te Water aan die oostekant daarvan. Verder was daar die ysterwarewinkel van Smith, die loodgietersaak van Papenfus en die broers Brazier se kantien en drankwinkel. Algemene vooruitgang was spoedig te bespeur en teen 1888 was daar al sowat 20 tot 30 huise,[126] en is 'n aanvang gemaak om die stowwerige paadjies met bome te beplant.

## 1.3.4 Latere veiling van standplase

Die dorp het steeds uitgebrei en spoedig was daar weer 'n aanvraag na standplase.[127] Die mynkommissaris het in 1889 die regering versoek om

---

122) R. MacNab en J.W. Smith: a.w., p. 19. Die blok standplase was geleë aan die suidekant van die markplein ongeveer in die middel van die huidige dorp.

123) The Standard West Rand Review, 17/9/1937.

124) B. Burger: History book of Krugersdorp, 1887-1951, p. 7.

125) Ibid.

126) Ibid., p. 10.

127) R10820/89: Mynkommissaris - Staatsekretaris, 28/9/89.

ŉ veiling so gou moontlik te laat plaasvind aangesien die tekort aan standplase die ontwikkeling van die dorp gestrem het.[128] Die regering was egter nie geneë om dadelik tot ŉ veiling in te stem nie, aangesien baie lisensies wat by die veiling van 1887 uitgeneem is, nie opbetaal was nie. Altesaam was daar 240 standplase waarop die lisensiegeld voor 15 Januarie 1889 betaal moes gewees het.[129] Die Hoof van Mynwese se standpunt was dat sulke standplase waarop lisensiegeld verskuldig was, eers herverkoop moes word waardeur aan die aanvraag voldoen kon word.[130] Hy was verder die mening toegedaan dat die herverkoping van grotere standplase eers agterweë gehou moes word, want diesulkes se waarde het steeds gestyg.[131]

Die waarnemende mynkommissaris het daarna opdrag ontvang om ŉ lys van standplase waarop lisensiegelde verskuldig was, in te stuur.[132] ŉ Tweede openbare veiling van 131 standplase teen ŉ insetprys van £25, het op 3 Januarie 1890 plaasgevind.[133] Die opbrengs van die veiling, het sowat £4.263 bedra en al die aangebode standplase is verkoop.[134] Tydens die veiling het Brazier en Kie. die rekordprys van £200 vir ŉ standplaas, aangrensend aan hul bestaande eiendom, betaal.[135] In 1894 het daar weer ŉ veiling plaasgevind en 237 standplase is verkoop teen ŉ gemiddelde prys van £14-10 stuk.[136]

Teen 1896 was daar byna geen enkele standplaas vir boudoeleindes beskikbaar nie. Aangesien daar steeds ŉ groot aanvraag na standplase was, was

---

128) Ibid.

129) Staatscourant, 26/12/88.

130) R10820/89: Hoof van Mynwese - Mynkommissaris, 14/10/89.

131) Ibid., Staatsekretaris - Hoof van Mynwese, 24/10/89.

132) Ibid., Hoof van Mynwese - Mynkommissaris, 28/10/89.

133) Staatscourant, 25/12/89.

134) R10820/89: Tesourier-generaal - Hoof van Mynwese, 24/2/90; Mynkommissaris - Hoof van Mynwese, 14/1/89.

135) B. Burger: a.w., p. 10.

136) T.V.R., art. 537, 17/6/95.

die regering genoodsaak om in 1896 'n aantal nuwe standplase te laat opmeet.[137] Op aandrang van die mynkommissaris, wat die verpagting van standplase as noodsaaklik vir die verdere ontwikkeling van die dorp beskou het,[138] is 'n groot aantal van die nuut opgemete standplase op 21 Augustus 1896 opgeveil.[139] Die insetprys was £10 per standplaas[140] en die veiling het sowat £4.263 opgelewer.[141] Die prys van standplase het gewissel van £51 tot £360 en die hoë pryse wat die standplase behaal het, was 'n verdere bewys dat die standplaasdorp Krugersdorp saam met die delwerye baie uitgebrei het.[142] Na afloop van die veiling het daar verskillende klagtes ingekom oor die wyse waarop die goewermentsafslaer die veiling hanteer het,[143] met die gevolg dat die regering hom aangeskryf het vir 'n tekort van £5.240 op die vendusierekening.[144] Die goewermentsafslaer het in sy verweer daarop gewys dat sekere kopers teen drie-uur die middag nog nie die eerste paaiement betaal het nie en sodanige transaksies dan verval het. Sulke standplase moes weer opgeveil word en is teen 'n laer prys verpag wat 'n verlies vir die regering meegebring het.[145] Hierdie verduideliking het die staatsprokureur aanvaar;[146] dog die insident het heelwat kritiek uitgelok, want sekere mense het hulle standplase baie goedkoper gekry as andere.[147]

---

137) Krugersdorp Munisipaliteit: Kaart Nr. SG.1259/97; Staats Almanak 1898, p. 354.

138) R8464/96: Mynkommissaris - Hoof van Mynwese, 18/7/96.

139) Ibid., Goewermentskennisgewing Nr. 281, R.M.D. 4301/95, ongedateer.

140) Ibid., Staatsekretaris - Spesiale Landdros, 10/7/96.

141) Ibid., Goewermentsafslaer - Staatsekretaris, 16/9/98.

142) Staats Almanak 1898, p. 354.

143) R8464/96: Staatsekretaris - Hoofinspekteur van Kantore, 15/9/96; The Sentinel, 20/9/96.

144) Ibid., Staatsekretaris - Staatsprokureur, 6/4/97.

145) Ibid., Goewermentsafslaer - Staatsekretaris, 16/9/98.

146) Ibid., Staatsprokureur - Staatsekretaris, 6/1/99.

147) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 22/8/96.

## 1.4 Distriksontwikkeling

### 1.4.1 Vertoë tot distriksverklaring

Die burgers van die omliggende plase het hulle beywer om Krugersdorp tot dorp van die distrik te laat verklaar. Die dorp het as standplaasdorp die omliggende goudvelde bedien en het nie as administratiewe sentrum vir die omliggende plase gegeld nie. Die inwoners van die plase het in verskillende distrikte geval en moes vir administratiewe doeleindes en regspleging na dorpe soos Potchefstroom, Pretoria en Heidelberg gaan. Die regering het die goudvelde en die omliggende ongeproklameerde plase as afsonderlike eenhede beskou en het administratief en militêr ŉ duidelike onderskeid tussen die goudvelde en die omliggende plattelandse dele gemaak. Die distrikte is bestuur deur ŉ landdros, bygestaan deur die nodige amptenare[148], terwyl die goudvelde onder die regterlike gesag van ŉ spesiale landdros gestaan het.[149] Die voorneme was om die goudvelde van die omliggende plase te skei,[150] en om tot so ŉ stap oor te gaan, moes vir die plase ŉ afsonderlike landdrosdistrik geskep word wat kragtens die grondwet sy eie setel moes hê.[151]

Alreeds tydens een van die eerste besoeke van president Kruger aan Krugersdorp op 18 Maart 1890, is hy deur die Spesiale Landdros versoek om ŉ afsonderlike distrik tot stand te bring.[152] Verskillende memories is ook in dieselfde jaar met sodanige versoeke na die Volksraad gestuur, maar die memorie-kommissie het die versoeke nie aanbeveel nie omdat Krugersdorp rees ŉ standplaasdorp was.[153] Die regering was nie geneë om standplaasdorpe tot distriksdorpe te verklaar nie, omdat die lisensiegelde van erwe in standplaasdorpe ŉ veel groter inkomste in dié verband aan die Staat gelewer het.

---

148) Grondwet van de Z.A.R., art. 139 (De Locale Wetten, 1888-1889, p. 194; Regulatien voor de dorpen in de Z.A.R., 5/8/1850 (De Locale Wetten 1849-1885, pp. 85-89).

149) Wet Nr. 8 1889, art. 24 (De Locale Wetten 1888-1889, p. 194).

150) E.V.R., art. 1202, 31/7/91. Bespreking in Volksraad na aanleiding van verskillende memories.

151) Grondwet van de Z.A.R., art. 143 (De Locale Wetten 1849-1885, p. 56); Grondwet van de Z.A.R., art. 138 (De Locale Wetten 1888-1889, p. 194).

152) B. Burger: a.w., p. 11.

153) E.V.R., art. 1124, 29/7/90.

Die Volksraad wou ook nie 'n presedent geskep het nie uit vrees dat ander dorpe ook met sodanige versoeke kon kom.[154] Die Volksraad het die geval van Johannesburg blykbaar in gedagte gehad, want as standplaasdorp het die regering 'n groot inkomste uit lisensies gekry. Die aangeleentheid van die distriksverklaring het die regering tot die besef gebring dat Krugersdorp in werklikheid op ongeproklameerde grond aangelê was.[155] Gevolglik het die regering die grond waarop die dorp uitgelê was tot openbare delwerye verklaar met die voorwaarde dat sodanige geproklameerde grond alleenlik vir die uitgee van standplase bestem was.[156]

In 1891 is die aangeleentheid van distriksverklaring weer in die Volksraad bespreek, maar, hoewel nie dadelik tot 'n beslissing gekom is nie, is tog aanbeveel dat wanneer die regering dit goedgevind, aan die versoek voldoen kon word.[157] Aangesien die regering nie gewillig was om die standplaasdorp tot distriksdorp te verklaar nie, was die enigste alternatief om 'n aparte distriksdorp tot stand te bring wat as setel vir die distrik moes dien. So 'n stap het egter die probleem geskep dat die regering nie oor genoegsame grond beskik het waarop 'n dorp uitgelê kon word nie.[158] Die regering het slegs 492 hektaar besit waarop die standplaasdorp alreeds uitgelê was en wat ook moes dien as weiding vir die vee van die feesgangers.[159] Die standplaasdorp het intussen baie uitgebrei waardeur 'n groot gedeelte van die grond, wat vir dorps- en weidingdoeleindes aangekoop was, in besit geneem is. Derhalwe was dit nodig om weer grond aan te koop "om het trekvee van de feestvierende burgers te Paardekraal een goede weide te kunnen ver-

---

154) Ibid.

155) R4164/89: Staatsekretaris - Hoof van Mynwese, 17/9/91.

156) U.R., art. 6, 4/1/91; R4164/89: Gouvernementskennisgewing i.v.m. Paardekraal as openbare delwery, 11/1/91.

157) E.V.R., art. 1203, 31/7/91.

158) Ibid., art. 1202, 1203, 31/7/91.

159) Vergelyk U.R., art. 292, 19/11/86; R5860/96: M.P.W. Pretorius - Staatsekretaris, 19/11/86.

schaffen,"[160] asook om 'n setel vir die distrik op 'n gedeelte daarvan aan te lê met dien verstande dat so 'n dorpsuitleg nie die staanplek ten tye van die feesviering sou belemmer nie.[161] Dat die regering later bereid was om byna die res van Paardekraal aan te koop, het aangedui dat die aankoop van soveel grond nie net ter wille van 'n setel vir die distrik was nie, maar ook om die feesvieringe vir altyd moontlik te maak gesien in die lig van die toenemende fisiese ontwikkeling wat aan die gang was. Dit was duidelik dat die verkryging van voldoende grond om bogenoemde oogmerke te bereik, die belangrikste struikelblokke was wat in die weg van die distriksverklaring gestaan het.

## 1.4.2 Verdere aankoop van grond op Paardekraal

M.P.W. Pretorius was weer bereid om grond aan die regering te verkoop en die mynkommissaris het die inisiatief geneem om met Pretorius te onderhandel.[162] In 1892 het die Volksraad die aangeleentheid verder gevoer deur 'n kommissie te benoem om met Pretorius en die Alexandra Goudmynmaatskappy, wat sekere prospekteerregte op die grond gehad het, te onderhandel.[163] Na onderhandelinge het die Volksraad aanbeveel dat grond nie aangekoop word nie omdat Pretorius die reg van vry weiding wou uithou.[164] Die regering het die insluiting van die weiding by die koopakte as noodsaaklik beskou, met die oog op die samekoms van die feesgangers want dit was een van die oogmerke waarvoor grond aangekoop moes word. Nietemin is daar weer met Pretorius onderhandel waardeur die haakplekke uit die weggeruim is.[165]

Volgens die "Acte van Koop en Verkoop" geteken op 25 Februarie 1893, het Pretorius die res van die plaas Paardekraal wat aan hom behoort het teen £8 per morg verkoop. Uitgesonderd sy huise, krale, landerye en

---

160) E.V.R., art. 1181, 23/8/93. (Mededeling van Staatspresident oor grondtransaksie).

161) Ibid., art. 1182, 23/8/93.

162) R9691/91: Mynkommissaris - Hoof van Mynwese, 24/9/91.

163) E.V.R., art. 1315, 29/5/92.

164) Ibid., E.V.R.R., 1143 by R9691/91.

165) E.V.R., art. 1316, 28/8/92.

"met recht tot de bestaande watervoor".[166] Volgens die kontrak is voorsiening gemaak vir genoegsame water en weiding vir die vee van die feesgangers en ŉ verdere bepaling is neergelê dat daar nie buite die bestaande mynpagte gedelf kon word nie, waardeur verhoed is dat delwersbedrywighede die feesvieringe kon benadeel.[167] Sover vasgestel kon word, was daar drie mynpagte waarop die Alexandra Goudmynmaatskappy prospekteerregte gehad het. Mynpag nr. 170 was wes van die monument geleë, nr. 171 in die noordwestelike hoek van Paardekraal en nr. 172 in die noordoostelike hoek.[168]

Op 10 Mei 1893 is 1241,9 hektaar op die naam van die regering getransporteer.[169] Die grond was om die monument geleë in ŉ noordelike, westelike en oostelike rigting.[170]

### 1.4.3 Aanleg van ŉ setelplaas vir die distrik en die distriksverklaring

Die afhandeling van die grondtransaksie het dit vir die regering moontlik gemaak om uitvoering te gee aan sy beleid van ŉ afsonderlike distriksdorp. In 1893 is dan ook besluit "om een districtsdorp op een voor het publiek bestaanbare plek te doen uitleggen op zoodanige plaats dat de staanplek bij gelegenheid van die feestviering niet belemmert word."[171] Volgens die besluit moes die voorgenome distriksdorp so uitgelê word dat die monument nie

---

166) R9691/91: Acte van overeenkomste tusschen M.P.W. Pretorius en de Regering, 21/2/93; U.R., art. 108, 6/9/93; E.V.R.R., 1307/93 Nr. 108/93, 21/2/93.

167) E.V.R., art. 1181, 23/8/93; R9691/91: Acte van ooreenkomst tusschen de Regering en C.A. Celliers als verteenwoordiger van de Alexandra Goudmynmaatschappy, 21/2/93.

168) Krugersdorp Munisipaliteit: Plan of the farm Paardeplaats 73, Johannesburg, 1/7/98.

169) Aktekantoor Pretoria: Akte van Transport Nr. Tr. A4, 6/3/55. (Inskrywing op oorspronklike transport geteken deur J.C. Minnaar, Registrateur van Aktes).

170) Krugersdorp Munisipaliteit: Plan of the farm Paardeplaats ....

171) E.V.R., art. 1182, 23/8/93.

toegebou kon word nie sodat staanplek vir feesgangers steeds beskikbaar sou wees. Die distriksdorp sou noordwes van die klipstapel, en deur 'n spruit geskei, van die bestaande dorp aangelê word. 'n Ander probleem wat die regering moes oplos, was die grootte van die erwe in die distriksdorp. Die lisensiegelde vir standplase in die standplaasdorp het sowat £6 per jaar bedra en vir erwe in die distriksdorp sowat £1-10.[172)] Gevolglik is volgens die bestaande wette bepaal dat die distriksdorp fisies en administratief van die bestaande dorp geskei moes wees.[173)]

Op 7 November 1894 is die omliggende ongeproklameerde plase tot 'n afsonderlike distrik verklaar.[174)] Die distrik het uit sowat 500 plase met 'n inwonertal van 18.450 bestaan en is gevorm uit 'n deel van die distrikte: Pretoria, Potchefstroom, Rustenburg en Heidelberg.[175)] Deur die proklamasie is oorgegaan tot die aanlê van 'n distriksdorp uitgemeet in burgerregerwe van sowat 400 Kaapse roede in blokke van ses erwe elk,[176)] wat aan burgers verkoop of geskenk was as vergoeding vir gelewerde dienste, kragtens die bepalings van die burgerreg.[177)]

---

172) E.V.R., art. 1182, 23/8/93.

173) Sien wet nr. 8 1889 (De Locale Wetten 1888-1889, pp. 106 e.v.), waarin die administrasie van die delwerye uiteengesit word. Vir die administrasie van die distrikte, vergelyk Grondwet van de Z.A.R., art. 138-142 (De Locale Wetten 1888-1889, p. 194); Regulatien voor de Dorpen in de Z.A.R., 5/8/50 (De Locale Wetten 1849-1885, pp.85-89).

174) Staatscourant, 7/11/94; R9691/91.

175) Staats Almanak 1895, p. 215; Staatscourant, 7/11/94.

176) R2352/98: Sertifikaat van verlening van Erf Nr. 218 aan J.P.L. van den Berg kragtens die burgerreg-bepalings, 3/3/98; L.V. Praagh: a.w., p. 413.

177) F.J. Potgieter: Die vestiging van Blankes in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die mens en sy omgewing (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1958 deel II, p. 14); E.V.R., art. 154, 27/5/91; Ibid., art. 132, 6/8/91. Elke Voortrekker was volgens sy burgerreg geregtig om 'n vaste eiendomsplaas te besit (F.A. van Jaarsveld: Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870 (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1950 deel II, p. 245). Vir hierdie voorreg moes latere inkomelinge eers 'n sertifikaat van hulle veldkornet vertoon wat as bewys moes dien van goeie gedrag vir 'n verblyftydperk van een jaar. Later is erwe as vergoeding vir gelewerde dienste aan die Staat toegestaan in distrikte waar sodanige burgers woonagtig was (E.V.R., art. 154, 27/5/91).

1.4.4 Begrensing van die distrik en die skeiding van die goudvelde van die distrik

Nadat Krugersdorp tot distrik verklaar is, moes daar oorgegaan word tot die spoedeisende saak, naamlik die vasstelling van die grenslyne.[178] Na 'n voorlopige vasstelling is allerlei besware by die regering ingedien. Baie burgers het die wens uitgespreek om binne hul oorspronklike distrikte te bly.[179] Dit het veral gegeld vir plase op die grenslyn van die distrikte Potchefstroom en Rustenburg. Die regering het die grenslyne weer ondersoek en sekere wysigings is tussen Rustenburg en Krugersdorp aangebring. Hierna is die grenslyne finaal vasgestel.[180] Die oorspronklike baken tussen die verskillende distrikte was naby die dorp self.[181] Nadat eienaars van sekere lynplase tussen Potchefstroom en Krugersdorp weer besware ingedien het,[182] het die Volksraad gehoor gegee sodat daar weer 'n grensverskuiwing tussen die distrikte Potchefstroom en Krugersdorp gekom het.[183]

Die skepping van 'n afsonderlike distrik en die bepaling van die grenslyne het meegebring dat die geproklameerde goudvelde van die distrik geskei is. Die distrik is onder die jurisdiksie van 'n landdros en amptenare geplaas, bygestaan deur 'n kommandant en veldkornette.[184] C.B. Otto is benoem as waarnemende landdros[185] en J. van Blommenstein as publieke aanklaer,[186]

---

178) E.V.R., 1749/94: Staatsekretaris - Sekretaris van Eerste Volksraad, 23/8/93.

179) R9691/91: Memories van burgers uit verskillende distrikte, verskeie datums.

180) U.R., art. 300, 30/4/95.

181) B. Burger: History book of Krugersdorp 1887-1951, p. 12; Staatscourant, 1/5/95.

182) R9691/91: Memories van burgers van lynplase Modderfontein, Doornpoort, Elandsfontein, Rietfontein, Doornkloof - Landdros Potchefstroom, 30/10/97.

183) E.V.R., art. 1695, 11/11/97.

184) Grondwet van de Z.A.R., art. 138-140 (De Locale Wetten 1888-1889, p. 194); U.R., art. 300, 30/4/95; Staatscourant, 1/5/95.

185) R3659/96, p. 179. Waarnemend vanaf 1/3/96-1/5/96. Voor hom het spesiale Landdros J.C. Human tydelik waargeneem vanaf 7/2/95-12/2/96 (U.R., art. 679, 20/7/95).

186) B. Burger: a.w., p. 12.

terwyl J.C. Human steeds as spesiale Landdros van die Krugersdorpse delwerye diens gedoen het.[187] Op 14 Maart 1896 is die goewermentskantoor vir die distrikslanddros geopen met H. Hugo as die eerste verkose landdros.[188]

1.4.5 <u>Wykverdeling</u>

Die regering het spoedig aan die werk gespring om die distrik in die gebruiklike wyke te verdeel ten einde die administrasie te vergemaklik. Alreeds in November 1894 is regsbevoegdheid aan die mynkommissaris verleen om met die veldkornette te skakel om die voorgenome distrik in drie wyke te verdeel.[189] Op 14 Desember 1894 is 'n kommissie, bestaande uit die veldkornette van die distrik met die spesiale Landdros as voorsitter, saamgestel.[190] Laasgenoemde het in dié hoedanigheid opgetree omdat die distrik eers vanaf Februarie 1895 onder die regsbevoegdheid van die landdros van die distrik geplaas is. Die kommissie het in weerwil van die regeringsopdrag om drie gelyke wyke in te stel aanbeveel dat, vanweë die verspreidheid van die bevolking, 'n indeling van vier wyke ingestel moes word.[191] Oor die getal wyke het twee lede 'n minderheidsverslag ingedien[192] waarna die aangeleentheid na die kommissie terugverwys is om 'n verdere verslag in te dien. Nadat die kommissie 'n regstelling aan die grenslyne van wyk nr. 3 gemaak het,[193] is 'n wyksverdeling van drie wyke vasgestel.[194]

Die grense van die wyke is op 1 Mei 1895 bekend gemaak. Hierna is nog enkele wysigings aangebring voordat die wyksgrense finaal vasgestel en goedgekeur is.[195] Wyk nr. 1 het al die geproklameerde delwerye inge-

---

187) Hy was spesiale Landdros vanaf 1888-1899 (R9097/88, p. 106; R6834/99, p. 122.

188) Ons Volk, 19/12/96; U.R., art. 51, 27/1/97. Hy was landdros vanaf 19/3/97-21/6/1900 (Krugersdorp 2: Landdros Hugo - Veldkornette en burgers, distrik Krugersdorp, 21/6/1900).

189) R12602/94: Kommandant-generaal - Mynkommissaris, 30/11/94.

190) Ibid., Mynkommissaris - Kommandant-generaal, 18/12/94.

191) Ibid., Spesiale Landdros - Kommandant-generaal, 18/12/94.

192) Ibid., J.L. van Wijk - Spesiale Landdros, 15/12/94.

193) Ibid., Staatsekretaris - Kommandant-generaal, 28/1/95.

194) U.R., art. 301, 30/4/95.

195) U.R., art. 428, 11/6/95.

sluit terwyl die ander twee wyke uit al die ongeproklameerde plase in die distrik bestaan het.[196]

### 1.4.5 Verkiesing van volksraadslede vir die distrik

Die nuwe distrik kon sy eie verteenwoordigers vir die twee Volksrade verkies, terwyl die Krugersdorpse delwerye deur die totstandkoming van die distrik nie onder die distrik afgebaken is nie, maar steeds deel uitgemaak het van die kiesafdeling Witwatersrandse Delwerye.[197] In 1894 is J.L. van Wijk verkies as Eerste Volksraadslid vir die distrik,[198] maar aangesien daar besware teen die wyse waarop die verkiesing gehou is, ingedien is, het die Eerste Volksraad 'n kommissie benoem om die geldigheid van die verkiesing te ondersoek.[199] Die besware het hoofsaaklik gegaan oor veldkornetlyste wat nie op datum was nie sodat sekere burgers, wie se name nie op die lyste was nie, nogtans hulle stemme uitgebring het. Die toedrag van sake was te wyte aan die feit dat die wyk nog nie behoorlik afgebaken was nie en dat veldkornette nog nie behoorlik verkies was nie.[200]

Die Volksraadskommissie het die "Verslag van Stemopneming" nagegaan en bevind dat Van Wijk 337 stemme gekry het en die ander kandidaat, Kloppers, 278 stemme. Die staatsprokureur wat adviserend opgetree het, het bevind dat Van Wijk 94 stemme gekry het van burgers wie se name nie op die veldkornetlyste voorgekom het nie terwyl Kloppers 33 sodanige stemme op hom verenig het. Hiervolgens het die staatsprokureur bevind dat Van Wijk 243 stemme gekry het en Kloppers 245 en aanbeveel dat laasgenoemde as verkose beskou moes word.[201]

---

196) Ibid., Staats Almanak 1896, p. 246.

197) B. Burger: a.w., p. 12.

198) E.V.R., art. 3, 6/5/95.

199) U.R., art. 308, 3/5/95; E.V.R., art. 21, 7/5/95.

200) R2944/95: Memories van burgers teen die verkiesing, ongedateer.

201) E.V.R., art. 21, 7/5/95.

Die Volksraad het nie die staatsprokureur se bevinding aanvaar nie en het besluit dat burgers wie se name nie op die veldkornetlyste voorgekom het nie, wel stemgeregtigde burgers was en dat Van Wijk derhalwe sy sitting moes behou.[202)]

Soos verwag, het die verkiesing van 'n Tweede Volksraadslid dieselfde probleem opgelewer.[203)] Met die sitting van 1895 het A.G. Neethling sy plek ingeneem as lid vir die Krugersdorpse distrik. Besware is ook teen sy verkiesing ingebring en die Tweede Volksraad het 'n kommissie benoem om die geldigheid van die verkiesing te ondersoek.[204)] Volgens die kommissieverslag het Neethling 301 stemme gekry waarvan 89 name nie op die veldkornetlyste voorgekom het nie.

*Die Tweede* Volksraad was nie tevrede met die kommissiebevindinge nie en het 'n vollediger rapport afgewag. In die geval van Neethling, is dieselfde bevinding ingedien, maar in die geval van Mulder is bevind dat 32 stemme ongeldig was.[206)] Die Volksraad het met 'n meerderheidstem die kommissierapport aanvaar en A.H. Mulder is as lid van die Tweede Volksraad aangewys.[207)] Krugersdorp het dus na 'n lang dispuut sy verteenwoordigers in beide Volksrade verkry.

---

202) Ibid., art. 93, 15/5/95.

203) R9691/91: Spesiale Landdros - Kommandant-generaal, 19/7/95. Veldkornetlyste was nie op datum nie.

204) T.V.R., art. 3, 6/5/95; Ibid., art. 19, 8/5/95.

205) Ibid., art. 93, 16/5/95.

206) Ibid., art. 96, 16/5/95.

207) Ibid., art. 137, 24/5/95.

---oOo---